**Dinsdag 24 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:10 |
|---|---|

## Getrouheid tot die dood toe loop uit op die kroon van die lewe (1)

Die Here sê: *Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.* Ons hoor dieselfde mooi beloftes van genade van die Here in Psalm 91. Hy sê Hy sal ons dek met sy vlerke. Hy is ons toevlug. Hy sal ons op die hande dra. Hy stuur sy engele om ons te bewaar.

En tog loop die spore van lyding en smart en dood kort-kort oor ons lewens. Almal van ons ken die dood. Daar is niemand wat nie iewers langs die graf staan van iemand vir wie hy/sy lief was nie. Per slot van sake is daar nie een van ons wat nie self eendag deur die deure van die dood sal moet loop nie.

Kom ons kyk nou hoe die beskerming wat die Here in Psalm 91 beloof, by die dood pas. Wat is die dood? Kom ons sê eers wat ons dink die dood is: Ons dink die dood is vernietiging – maar dit is nie waar nie! As iemand (ons) sterf, beteken dit net dat die Here daardie persoon se lewensbande met die aarde losmaak sodat hy/sy die lewe in God se koninkryk kan voortsit. Dit is presies wat met elkeen van ons gaan gebeur die oomblik wanneer ons roeping op die aarde afgehandel is.

U mag geen twyfel daaroor hê nie, want die dood en opstanding van die Here Jesus gee die waarborg dat die liggaamlike dood wat ons in hierdie lewe deurmaak, ons nie kan vernietig nie. Ons lewe in Hom tot in ewigheid. Die dood is dus nie werklik so verskriklik as wat ons dit hier op die aarde beleef nie.

*Sing: Psalm 23-1:3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*